## COPYRIGHT CLEARANCE COVER PAGE FOR COPIES MADE BY THE NORTH-WEST UNIVERSITY (NWU)

**This material has been copied for educational use. It is not for resale and must not be redistributed.**

---

## KOPIEREGKLARING-DEKBLAD VIR KOPIEË GEMAAK DEUR DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU)

**Hierdie materiaal is vir opvoedkundige gebruik gereproduseer. Dit mag nie herverkoop of verder versprei word nie.**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

# KERKREG I

1. DIE ENSIKLOPEDIESE PLEK VAN DIE KERKREG
2. BEGRIPSBEPALING
3. HISTORIESE ONTWIKKELING

DIKTAAT 1980/81

PROF. G.P.L. VAN DER LINDE

## HOOFSTUK I

## DIE ENSIKLOPEDIESE PLEK VAN DIE KERKREG

Literatuur wat ten minste bestudeer moet word:

1. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 3 dele.
2. J. Douma: in: Oriëntatie in de Theologie.

### 1. Definisie

Ensiklopedie is die wysgerige wetenskap wat die samehang van die wetenskappe bestudeer. Dit het dus die wetenskap self tot objek. Dit toon die samehang tussen die onderskeie wetenskappe of die onderskeie dele van die menslike kennis aan en verklaar dit.

### 2. Die Naam en begrip

2.1 Die Grieke: Ensiklopedie is saamgestel uit Engkuklios en Paideia

Engkuklios : die telkens terugkerende; iets wat in 'n vaste kringloop wissel; dus, die alledaagse; die gewone of normale.

Paidia : onderwys; opleiding; opvoeding.

Engkuklios paideia is dan die hoeveelheid van onderwys of kennis wat vir 'n normaal ontwikkelde Atheense burger onmisbaar geag word.

By die griekse gebruik van die naam ensiklopedie moet dus vasgehou word aan die gedagte van 'n kring of kringloop. Die bepaling van wat in die kring of kringloop val moet egter nog nie in hierdie geval ontleen word aan die onderlinge samehang van die kundighede assodanig nie, maar aan hulle samehang in verband met die vorming van die jong Griek. M.a.w. sê Wiskunde, Geskiedenis en retorika is as nodig beskou vir die normale onderrig van 'n jong Griek, dan hoort die kundighede saam. Geen Griek het 'n normale opvoeding gehad tensy hy kon

aantoon dat hy 'n sekere groep kundighede magtig is nie.

Die Grieke het ook 'n tweede of hoëre kennis en onderrig aanvaar. Onderrig in die filosofie het uitgestyg bo die normale.

2.2 Die Patres:

Die teëstelling tussen die normale en hoëre kennis vorm die uitgangs=punt in die bepaling van die betekenis van Enkuklos Paideia by die vroeë christene. Vir hulle is ensiklopedie: die kennis of wetenskap wat die hele kring van die heidens-klassieke lewe dek.

In hierdie betekenis word die samehang van die wetenskappe dus be=heers deur die kring (die heidendom) waarin dit beoefen word.

Teenoor die eng. paid. staan volgens Clemens Alexandrinus en Origines die theologia of theoria toon thetoon graphoon, as hoëre kennis. Die teologie staan bo die normale kennis.

Die kerkhistorikus Eusebius dra verder by tot die ontwikkeling van die begrip deur te benadruk dat daar ook 'n samehang is tussen die normale kennis (wetenskappe) en die theologia.

Die Enk. grammata dra baie by tot die verstaan van die Heilige Skrif. Hoewel hierdie band tussen die twee soorte wetenskappe erken is, het die eng. paid. vir die Christelike Griek tog ta esoo - daar buite - gebly. Dit het buite sy lewenskring gestaan.

2.3 Die Middeleeue gee nie juis aandag aan die begrip nie.

2.4 Die 16e eeu en daarna:

Eers gedurende die 16e eeu kom die begrip weer op die voorgrond in die sin van Orbis doctrinae (die kring van die wetenskappe). Die naam eng. paid. word nou bloot op die klank af gebruik. Die begrip word wel nog beheers deur die samehang, maar nou word die samehang, anders as vroeër, nie meer bepaal deur die kring waarin die wetenskap beoefen is nie, maar deur die wetenskap self. Bloot omdat dit kennis of wetenskap is behoort dit tot die orbis doctrinae

Hierdie gedagte dat daar 'n samehang onder die wetenskappe self is is van die tyd af grondliggend aan die begrip ensiklopedi.

Dit lei daartoe dat Alsted gedurende die 17e eeu die naam ensiklopedie verbind aan die boek waarin hy die verskillende wetenskappe aandui en beskryf. Sy doel was om meer as 'n opsomming van die wetenskappe te maak. Hy wou ook aandui dat die wetenskappe 'n liggaam, 'n samehangende geheel vorm.

Daarna het hy naby gekom aan die vasstelling van die begrip soos ons dit vandag het, alhoewel hy self nie verder gekom het as om 'n opgawe van die verworwe kennis (wetenskappe) in sy boek te gee nie.

Die gevolg hiervan was dat die gedagte van 'n organiese samehang van die wetenskappe gedurende die latere 17e en 18e eeu op die agtergrond gekom het en dat die real-ensiklopedie mode geword het - die alfabetiese rangskikking en kort beskrywing van die inhoud van elke wetenskap. (Vgl. Encyclopaadia Brittanica).

Hierdie ontwikkeling van die begrip ens. duur voort tot aan die begin van die 20e eeu.

Onder invloed van Hegel word in die eeu stadig alhoemeer aandag gegee aan die gedagte van Alsted wat intussen verwaarloos is, nl. dat daar ook 'n innerlike samehang van die wetenskappe is en nie net uiterlik nie.

Die filosoof Fichte rond die ontwikkeling van die begrip af deur die wetenskap self tot objek van wetenskap te maak. Die wetenskap as sodanig word nou voorwerp van wetenskaplike ondersoek. Die sistematiese was in Fichte hoofdoel in die Encyclopedia. Daarom is gebreek met die metode van die real-ensiklopedie om 'n beskrywing van elke wetenskap te gee. Voortaan is uit die stof van elke wetenskap net soveel geneem as wat nodig is om die organiese lewe van wetenskap aan die lig te bring. Die insiklopedie het sedertdien net ten doel om aan die lig te bring dat daar 'n samehang is tussen die verskillende wetenskappe en waarin dit bestaan.

Hoewel die begrip ensiklopedie hiermee afgerond is, is dit nader ge=

presiseer deur dit ook toe te pas op die afsonderlike wetenskappe.

Die ensiklopedie is ook so ten taak gestel om op die gebied van die afsonderlike wetenskappe die samehang tussen die afsonderlike vakke (in die besondere wetenskap) aan te toon en te verklaar.

2.5 Konklusie:

1. Daar bestaan 'n samehang tussen die onderskeie dele van die menslike kennis - van die wetenskap. Hierdie samehang moet bestu= deer word om dit aan die lig te bring en om dit te verklaar.

Ensiklopedie is dan die wysgerige wetenskap wat die samehang van die wetenskappe bestudeer, blootlê en verklaar.

2. Die wetenskap wat wetenskap - die algehele verworwe kennis van die mensheid - as objek het, is die algemene ensiklopedie.

Die wetenskap wat 'n besondere wetenskap of groep van wetenskappe as objek het, is die besondere ensiklopedie.

2.6 Teologiese Ensiklopedie

Die objek van die Teologiese Ensiklopedie is die Teologie. Dit is die wetenskap wat die Teologiese wetenskap in die samehang daar= van bestudeer. Die vak wil aantoon dat daar verskillende teologiese vakke is en dat en hoe hulle onderling saamhang.

3. Teologie

3.1 Die Naam is saamgestel uit die Griekse begrippe Theos en Logos. Voorlopige definisie: Teologie is die wetenskap wat besig is met die kennis van God.

Daar heers egter groot verwarring met betrekking tot die begrip teo= logie. Kennon Lee Callahan (1977) gee in sy proefskrif:Ruether's Theology of the chruch and its implications for the structures of the local church. (University Microfilms), seker 'n goeie samevatting van wat hedendaags deur die nuwe teologie onder die begrip teologie verstaan word.

Hy sê: "In theology, one begins with the church, not with Scripture nor with the doctrine of God. This is true for two reasons:
(1) the community of faith was prior to its theological reflections both about itself and its faith statements; and
(2) one's own theological reflection begins within the context of the faith community hence, the need to reflect on that context" (p.2).

Kort saamgevat is teologie primêr vir Callahan c.s. die kennis van die godsdienstige gemeenskap en of persoon en daarna van die be= skouinge (reflections) van die godsdienstige gemeenskap of persoon. Die godsdienstige verskynsel is die objek van die Teologie.

Hiervolgens is die Teologie dan nie 'n selfstandige wetenskap nie, maar wel 'n onderdeel van die sosiologie en/of die filosofie. Kerkreg moet in hierdie geval by die Algemene regswetenskap ingedeel word as onderdeel. Die kerkreg is net soos die kerk, maar 'n fenomeen onder die fenomene (Verskynsel onder die verskynsels).

Direk teenoor hierdie uitgangspunt van Callahan C.S. neem ons in die teologiese ensiklopedie as vertrekpunt die Woord van God. Die Woord van God is die principium cognoscendi vir alle menslike we= tenskap. M.a.w. wil ons weet wat die kerk en kerkreg is vra ons eerstens wat die Skrif daarvan sê.

Wanneer ons dus die Teologiese wetenskap en die samehang van die verskillende vakke in die teologiese wetenskap gaan bestudeer is die Woord van God die uitgangspunt wat tegelyk die kompas is om die studie op koers te hou.

Hierdie uitgangspunt en kompas het reeds belangrike konsekwensies met betrekking tot die subjek

Die mens versamel kennis. By die versameling van kennis is hy subjek. Maar sê die Woord, die mens is verduisterd in die verstand (Ef. 4:18). Daarom is alle menslike kennis gebrekkig en in sonde verwronge. Dit geld ook vir die teologie wat die kennis van God as objek het. Eintlik kan daar vanuit die vermoë van die onweder= gebore mens, nie tot die beoefening van die teologie in wesenlike

6/...

sin gekom word nie. Wat van God geken kan word, is wel openbaar maar omdat die mense deur die sondeval dwaas geword het in hulle oorlegginge en hul onverstandige hart verduister is, het hulle die heerlikheid van die onverganklike God verander in die nagemaakte beeld van ŉ verganklike mens en van voëls ... ens. (vgl. Romeine 1:18-23). Hy kan God nie ken nie en maak dus vir hom ŉ afgod.

In die beoefening van die teologiese wetenskap gaan dit eerstens oor die semen religionis; die sensus divinitatis; die noodsaaklike lewensgemeenskap met God wat hom dryf om kennis van God te soek.

Die mens is skepsel. Afhanklik en hy kan alleen lewe in afhanklikheid van sy God. Maar, soos hierbo reeds aan herinner, toe hy sy rug op God gekeer het deur die leuen van Satan te glo en hy verdryf is voor die aangesig van God, het hy ŉ swerweling, sonder hoop op aarde geword. Die gemeenskap met God wat die lewe is, kan hy nie ontbeer nie. Hy begin soek na dit wat ontbreek en hy is bewus daarvan, kragtens sy wese as afhanklike skepsel, dat hy iemand of iets nodig het aan wie hy kan vasgryp en vashou. So het die gevalle mens die waarheid van God verruil vir die leuen en toe hy homself as afgod in die plek van God gaan stel het gou gevind dat hyself nie soos God kan wees nie. Daarom het hy in sy dwase onkunde vir homself gode gaan uitdink; iets wat hy sterker as wat hyself is gewaan het, om aan vas te gryp en vas te hou.

Dit is sover as wat die verlore mens kan kom op die gebied van die teologiese wetenskap. Hy kan alleen vir homself in sy dwaasheid die leuen so uitbou dat hy aan ŉ afgod gestalte kan gee en sê: daar is jou god! (vgl. naas Romeine 1:22 e.v. ook Jesaja 44:9 tot 20).

Die mens wat nou na dit wat verlore is soek (wat die Skrif voorhou as die gemeenskap met God) kan <u>self nooit</u> tot die kennis van God kom nie. Dit moet aan hom <u>gegee</u>; <u>geopenbaar</u> word! (vgl. Matth. 16:17 en A. Kuyper Encyclopaedie II).

Dit bring ons daartoe om onder die begrip teologie te verstaan die kennis van God soos Hy homself geopenbaar het in sy Woord. Die objek van die Teologie is dan die openbaring van God.

Die subjek van die ware teologie is die <u>wedergebore</u>, <u>die nuwe</u>, mens

wat homself besig hou met die openbaring van God aangaande Homself, terwyl hy hom onderwerp aan die testimonium Spiritus Sancti. Alleen die Heilige Gees bring die mens tot kennis van God.

Die teologie konsentreer dan op die openbaring van God soos dit tot ons in sy Woord kom. Al laat Hy Hom ook deur sy werke ken, kan sy werke alleen soos 'n boek met 'n bril gelees word en die bril is die Heilige Skrif (vgl. N.G.B. Art II en Verklaring daarvan Polman: Onze Ned. Gel. Bel. Deel I, p.144 e.v.).

## 3.3 Indeling

Die Teologie word ingedeel in vier hoofgroepe van vakke. Die principium divisionis by die indeling is weer die Heilige Skrif waaruit ons vasstel dat die veld van ondersoek die openbaring van God is soos dit

1. vervat is in die Heilige Skrif;
2. gestalte gee aan die kerk;
3. bely word in die dogma en
4. verkondig word in (of deur) die amp.

Die groepe van vakke waarin hierdie vierderlei ondersoek plaasvind is:
1. die Bibliologiese;
2. die ekklesiologiese;
3. die dogmatologiese en
4. die diakonalogiese groep van vakke (vgl. J. Douma p. 11).

## 4. Die Ekklesiologiese groep

Die objek van die ekklesiologiese groep van vakke is die Ekklesia. In die vakke is die veld van ondersoek die openbaring van God soos dit gestalte gee aan die kerk. Die openbaring laat die kerk voor ons oë verrys.

Die eerste wat opval uit die openbaring van God aangaande die ekkle=sia is dat dit geen menslike instelling is nie. Dit is wesenlik vreemd aan die menslike begrip; dit kom nie op uit die wêreld en is nie deur die mense bedink nie. (vgl. Romeine 11, 12, 17 en 18). A. Kuyper praat van die kerk as 'n spesiale verskynsel in die wêreld wat alleen deur 'n faktor wat van buite intree, in en uit die menslike

lewe gevorm word. (vgl. Encyclopaedie III p. 188). Die kerk is die vrug van die herskeppingswerk van God in Jesus Christus in die krag van die Heilige Gees.

Dit is geen nuwe skepping nie, maar "de reconstitutie van het verstoorde mensheid." Die kerk is die verwerkliking van die open= baring in die Heilige Skrif aangaande die herskepping van die ge= valle mensheid (vgl. Kuyper a.w. p. 191).

Saamvattend word in die kerk gesien wat God sê deur die Seun (Hebr. 1:1); die gedagtes wat Hy bekend maak deur die vleesgeworde Woord (Joh. 1:1-4). Wat meer is die kerk laat sien wat God aangaande Homself openbaar as Skepper, Herskepper en Voleinder van alle dinge. In die kerk sien ons die God aan die werk wat alle dinge geskape het (Gen. 1 en 2); wat nie laat vaar die werke van sy hande nie, maar nuwe hemele en ʼn nuwe aarde waarin geregtigheid woon beloof (2 Petr. 3:13); vgl. Openb. 21; i.v.m. Gen. 3:15 en Ex. 2:24, 25) en bewerk.

In die kerk kry die wonder van God se verkiesende liefde, waarvan Hy deur die Seun gespreek het voor ons oë gestalte. So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun nie gespaar het nie... (Joh. 3:16). Ons sien hierdie liefde daarin dat Hy die wat Hy in Christus uitverkies het roep en verenig as sy volk (Ef. 1:3-14). Hy versorg, beskerm en bewaar hierdie volk van sy liefde in hierdie wêreld (vgl. Ps. 100; 23; Joh. 10:14 - 18 en 28).

Ons <u>sien</u> hoedat hierdie geroepenes <u>in</u>, maar nie <u>van</u> die wêreld is nie, hoedat hulle hul gedra ooreenkomstig die wil van God. Elkeen moet weet hoe hy hom in die huis van God - wat die gemeente is van die lewende God - moet gedra (1 Tim. 3:15).

Dit bring ons by die kerkreg as vakwetenskap binne die ekklesiolo= giese groep van vakke. Die vak het te doen met die vergadering, organisasie en gedrag van die volk van God in die teenwoordige wêreld. Dit het te doen met die <u>institueering</u>, <u>bestaan</u> en <u>voortbe= staan</u> van die kerk. Die ekklesiologie bring eers aan die lig <u>dat</u>

en hoe en waarom God sy wedergebore mensheid as kerk vergader, or= ganiseer en in standhou, ook deur hulleself aktief te laat optree in die vergadering en organisasie om te kan voortbestaan en hulle roeping te vervul.

Dit gaan dus in die ekklesiologie in die eerste plek om die gedrag van die nuwe mensheid ook in hulle inrigting en organisasie as kerk in hier= die wêreld. En waar van gedrag sprake is, tree die reg na vore. Waar daar sprake is van die gedrag van die nuwe mensheid, soos hulle saamgeroep is om te leef na die wil van God,onder sy versorging as afgesonderdes (heiliges) terwyl hulle wag op die wedergeboorte van die ganse skepping (vgl. Rom. 8:18 e.v.) het ons met die kerkreg te doen.

Die kerkreg staan dus voorop in die ekklesiologie. Eers as die kerk daar is; geinstitueer is, en leef as kerk, gebeur daarmee iets en kan dit wat daarmee gebeur nagevors, beoordeel en in 'n verhaal saamgevat word. Dit is die kerkgeskiedenis.

Kerkreg en Kerkgeskiedenis vorm dan die hoofvakke in die groep van vakke wat die ekklesiologie as hoofvak het.

Elk van die hoofvakke in die groep word weer onderverdeel o.a. Kerkgeskiedenis in Algemene en beson= dere Kerkgeskiedenis, wat weer onderverdeel kon word in Vaderlandse (Algemeen) en besondere Kerkgeskiedenis.

Ten slotte word nog vermeld dat Kuyper spreek van 'n onderverdeling van die ekklesiologiese groep van vakke in twee hoofgroepe nl. die groep wat die vakke omvat wat betrekking het op die kerk as instituut en die groep wat betrekking het op die kerk as organisme. Onder die kerk as organisme verstaan hy dan die ongeorganiseerde of nie- geïnstitueerde sigbare kerk. Ons kan dit so stel dat onder die kerk as organisme gereken, word die gelowiges soos hulle sigbaar en aktief buite en los in die gesin, skool, maatskappy, politiek ens., van die instituut optree. Die onderskeiding se grootste meriete is seker dat dit baie logies lyk. Die wedergeborenes of gelowiges kan nie in die instituut ingehok word om in die wêreld net te kan

optree as instituut nie. Dit sou 'n verkerkliking of verinstitu=ering van die lewe afgee soos wat in die Middeleeue gebeur het. Die instituut oorkoepel alles en loop daarop uit dat die gelowige altyd bevoog word deur die regeerders van die kerk. Tereg kom Kuyper daarteen in verset. Die gelowige moet sy roeping in die wêreld vervul op eie verantwoordelikheid. Die instituut reël nie sy persoonlike huislike, of samelewing nie. Die instituut beoefen nie wetenskap, kuns of letterkunde nie. Ook oorkoepel die kerk as instituut nie die staat nie.

Maar omdat die gelowiges; die lede van die kerk op al die vlakke 'n roeping het as kerk "en as lede van die liggaam van Christus" hulle moet gedra ooreenkomstig sy wil, is dit tog ook weer die kerk wat tot openbaring kom op al die terreine maar nou as organisme, as vergadering van gelowiges wat direk aan Christus en mekaar verbonde is as lede van een liggaam onder een Hoof sonder die tussenkoms van die instituut as instrument.

Hierdie onderskeiding laat dan die hoofvakke in die ekklesiologiese groep naas die Kerkreg en Kerkgeskiedenis tenminste met nog drie hoofvakke vermeerder t.w. die wat betrekking het op 1. die persoon=like lewe (waarin dit gaan om die verandering in die persoonlike lewes); 2. die geor=ganiseerde lewe (verandering); 3. die nie-georganiseerde lewe (Wetenskap, Kuns ens.) (Verandering).

Ons kan hierdie onderskeiding en indeling nie aanvaar nie omdat dit, ten spyte van die aanvanklike opvallende skyn van logika, 'n dualis=tiese kerkbegrip inloods. Die kerk is die vergadering van die ge=lowiges onder Christus as Hoof en aan Hom en mekaar deur die Heilige Gees verbind in hulle roepingsvervulling. Die kerk is deur bely=denis en wandel reeds so al as vergadering van gelowiges sigbaar. Maar Christus vergader sy kerk deur sy Gees en Woord. Die insti=tuut is die noodwendige vrug en ook doel van Christus se vergader=werk. Hy vergader die wat die Vader Hom gegee het vir die bediening van die Woord tot die versorging en bewaring van die gelowiges (vgl. Sondag XXI).

Die instituut oorkoepel dan nie die hele lewe deur die persoonlike, die samelewing ens. te beheers en te regeer om oral en altyd in almal in alles te besluit nie. Dit rus die gelowiges net toe om as gelowiges, as kerk (= lede van Christus se liggaam) hulle roeping

op elke terrein te vervul. (Ef. 4). Dit bly nog die een kerk van Christus in die wêreld wat die lig vir die wêreld is en as insti= tuut, wat ook tegelyk organisme is, tot die roepingsvervulling instaat stel.

Daarom volstaan ons saam met Douma en Kamphuis met die sogenaamde institutêre vakke: Kerkreg en Kerkgeskiedenis - met hulle onderaf= delinge. Kuyper noem dit (1) die diathetische vakke omdat dit te doen het met die voortbestaan of op die "duurzaam bestand van het instituut" betrekking het (a.w. III p. 220),

(2) die historiese vakke; en

(3) die statistiese vakke.

Van laasgenoemde sê hy: "Statistiek en Historie staan tans ten op= zichte van hetzelfde object, hier de Kerk, tegenover elkander als de wetenschap van het Heden en van het Verleden. De Historie brengt het leven der kerk in schets, gelijk dit verliep, de statis= tiek datzelfde leven, gelijk het thans zich voordoet". (A.w. III p. 295). In ons indeling is die "statistiek" opgeneem in beide die kerkreg en kerkgeskiedenis en daarom volstaan ons met die twee hoofvakke in die Ekklesiologiese groep.